Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 1, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# HISTORIESE OORSIG OOR DIE ONTWIKKELING VAN SPORT IN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG

## INLEIDNG

Die Goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika het op 13 Junie 1912 sy goedkeuring aan Wet nr. 13 van 1912 — die **Zuid-Afrika Verdedigingswet** — verleen. As gevolg hiervan het die Unie-Verdedigingsmag, 'n bykans landsomvattende verdedigingsorganisasie, tot stand gekom.

Die Suid-Afrikaanse militêre owerhede sou voortaan aandag skenk aan die uitbou van verskeie aspekte van die nuutgestigte verdedigingsorganisasie.

Vir die beoefening van sport is daar ook plek in die veelsydige militêre organisasie ingeruim, hoewel daar — wat die beginjare betref — geen dokumentêre bewyse dat sport sy plek binne die raamwerk van die toenmalige militêre opleiding op 'n georganiseerde grondslag ingeneem het, van voor 1922 gevind kon word nie.

## 1. DIE BEGINJARE

### a Sport as 'n vryetydsbestedingsaktiwiteit

Die vermoede dat sport as 'n vryetydsbestedingsaktiwiteit vanaf die totstandkoming van die Unie-Verdedigingsmag (1912) tot en met 1922 beoefen is, word ewenwel bevestig deur 'n skrywe van die bevelvoerder van die Eerste Regiment, **Zuid-Afrikaanse Bereden Schutters** (Z.A.B.S.) in 1922 aan die Hoof van die Generale Staf.

In genoemde brief, wat 6 Junie 1922 dateer, verwittig die bevelvoerder van laasgenoemde eenheid die geadresseerde dat georganiseerde sokker nou in sy eenheid as 'n vorm van vryetydsbesteding beoefen word en hy vra amptelik goedkeuring dat dit mag geskied. Hierdie versoek is op 21 Junie 1922 deur die destydse Hoof van die Generale Staf goedgekeur op voorwaarde dat slegs wedstryde in die rekreatiewe program ingesluit word wat die goedkeuring van die eenheidsbevelvoerder wegdra. Voorts is bepaal dat dit toegelaat is, mits daar geen onkoste vir die Staat aan verbonde sou wees nie. Spesiale uitrusting moes uit eie fondse voorsien word.

### b Die stand van georganiseerde sport

Georganiseerde sportbeoefening in die toenmalige Unie-Verdedigingsmag het vooruitgang getoon toe daar op 8 Julie 1922 'n militêre voorskrif verskyn het waarvolgens goedkeuring verleen is dat georganiseerde sport vanaf bogenoemde datum in die opleidingsprogramme van die Staande Mag ingesluit kan word.

In genoemde voorskrif is daar tewens bepaal dat uitgawes met betrekking tot die voorsiening van uitrusting en kleding deur die betrokke instansie self gedra moet word en dat staatsfinansies nie daarvoor aangewend mag word nie.

Sport is dus op dié tydstip nog geensins op 'n georganiseerde grondslag dwarsdeur die Unieverdedigingsmag (U.V.M.) beoefen nie, maar was tot individuele militêre eenhede beperk.

### c Sportkomitees

Op 9 Desember 1922 is die organisasie van sport tot 'n mate uitgebrei met dié vergunning van die Hoof van die Generale Staf dat sportkomitees in die gebiede Robertshoogte, tans Voortrekkerhoogte, en die Kaapse Skiereiland gestig word.[2] Genoemde komitees sou uit nie minder nie as ses en nie meer nie as twaalf lede bestaan. Van die aantal lede moes

die helfte offisiere wees. By beide komitees sou die bevelvoerder van die betrokke gebied as die voorsitter optree.

Die werksaamhede van hierdie komitees was daarin geleë dat hulle beheer oor alle georganiseerde sport en rekreatiewe aktiwiteite binne hulle betrokke gebied waarvoor hulle verantwoordelik was, sou uitoefen oor alle sportbedrywighede waarvan lede van twee of meer eenhede van verskillende weermagsdele (d.i. die S.A. Leër en die S.A. Vloot) deelneem. Verder moes die komitees die deelname aan sport by eenhede aanmoedig en wedstryde en byeenkomste, verteenwoordigend van die verskeie eenhede, binne die komitee se jurisdiksie, reël.

Hierdie nuwe sportbeleid het ook die eenheidsbevelvoerders nouer by die sportbeoefening betrek, deurdat dit aan hulle opgedra is om te sorg dat sport en rekreatiewe aktiwiteite by hulle onderskeie eenhede georganiseer word.

Sportwedstryde en -byeenkomste moes in daardie tyd so ver as moontlik binne die Unieverdedigingsmag gereël word, maar die komitees kon, waar dit volgens hulle oordeel wenslik was, by die Hoof van die Generale Staf aansoek doen om 'n militêre span vir die burgerlike ligas in te skryf.

Bogenoemde hoof het verder op 9 Desember 1922 beslis dat georganiseerde sport en rekreatiewe opleiding slegs byeenkomste en wedstryde sou behels wat deur die Hoof van die Generale Staf goedgekeur is en waarin spanne, bestaande uit 'n minimum van vier lede betrokke is, met dien verstande dat spesiale magtiging van die Hoof van die Generale Staf verkry kan word om individuele wedstryde te reël.

Die militêre regulasies het op daardie tydstip ook bepaal dat lede aan onderstaande sportsoorte mag deelneem: Atletiek, sokker hokkie, toutrek, boks (spanbyeenkomste). Dit is opvallend dat 'n sportsoort soos rugby nie ingesluit was nie. Krieket is as 'n goedgekeurde sportsoort, op 27 Januarie 1923 by die lys van amptelike sportsoorte gevoeg.

Op 31 Januarie 1923 het die militêre owerhede bepaal dat eenheidsbevelvoerders wat begerig is om atletiek- en gymkhana-kampioenskapsbyeenkomste te hou langs die gewone diensweg aansoek om goedkeuring by die hoof van die Generale Staf moes doen. Hulle mog geen finale reëlings tref nie, alvorens die verlangde goedkeuring verkry is nie.

d. **Die posisie kragtens die herdrukte Regulasies vir die Staande Mag.**

In 1924 is die stigting van sportkomitees in ander militêre gebiede goedgekeur met die verskyning van die herdrukte Regulasies vir die Staande Mag. Daarin is bepaal dat ontspannings- en sportklubs met die goedkeuring van die Hoof van die Generale Staf gestig mag word en dat dit ooreenkomstig die instruksies, wat in militêre orders gepubliseer word, moet geskied.

Die **samestelling, doel** en **take** van bogenoemde komitees het dieselfde patroon gevolg as dié twee wat in 1922 te Robertshoogte en Kaapstad gestig is. Die voorsitter is nie deur hoër militêre gesag aangestel nie, maar moes by die komitees se eerste vergadering deur die lede aangewys word.

Betreffende die ontspannings- en sportkomitees is in bogenoemde regulasies verder bepaal dat:

i. Die komitee die klub se grondwet en reëls, wat nodig is vir die funksionering uitvaardig en bekragtig.

ii. Behoorlike lederegisters en rekenings gehou moet word.

iii. Die komitee sy personeel in diens moet neem, hul salarisse bepaal en personeellede ontslaan indien hulle dienste nie langer benodig is nie.

iv. Die voorsitter vergaderings belê so dikwels soos dit nodig mag wees.

v. Drie lede 'n kworum sou vorm.

vi. Die voorsitter op alle vergaderings as sodanig optree. Indien hy nie teenwoordig is nie, moet die lede 'n voorsitter aanwys.

vii. Die voorsitter stemreg besit en waar daar 'n staking van stemme voorkom, hy die beslissende stem sal hê.

viii. Die klub se fondse vir die welsyn van die lede en hulle gesinne aangewend moet word.

Die belangrikheid van hierdie ontwikkeling op die militêre sportgebied lê daarin dat sport nou in die Unieverdedigingsmag op 'n distriks-

grondslag georganiseer kan word. Daar was weliswaar nog geen sprake van organisasie op 'n landsomvattende vlak nie.

e. **Goedgekeurde sportsoorte 1923-1932**

Tussen 1923 en 1932 is die volgende sportsoorte goedgekeur om deur lede van die Unieverdedigingsmag beoefen te word: Polo, skyfskiet, tennis, handbal en swem.

## 2. DIE TYDPERK 1932-1939

a. **Ingrypende verandering**

Die eerste ingrypende verandering ten opsigte van militêre sport dateer vanaf 20 Julie 1932. Op hierdie datum het die destydse Hoof van die Generale Staf, genl.-maj. A. J. Brink, D.T.D., D.S.O. 'n omvattende order vir die Staande Mag uitgereik waarin die deelname aan rekreatiewe aktiwiteite as diens geklassifiseer is. In genoemde order het die aktiwiteite as ontspanningsdiens bekend gestaan. Deelname aan hierdie rekreatiewe aktiwiteite is in drie groepe, t.w. 'n militêre vertoning, wedstryde te perd, en georganiseerde sport, verdeel.

Met betrekking tot die **deelname** aan militêre vertonings het die volgende reëlings gegeld:

i. Alle aansoeke deur of ten behoewe van lede van die Staande Mag om aan enige militêre vertoning by 'n geleentheid soos 'n landboutentoonstelling deel te neem, moet vir oorweging aan die Hoof van die Generale Staf gestuur word.

ii. Die besluit van laasgenoemde hoof is regstreeks aan die applikant bekend gemaak en die betrokke lede is daarvan verwittig.

iii. Nadat bogenoemde goedkeuring van die Hoof van die Generale Staf verkry is, is alle besonderhede tussen die lede en hul bevelvoerders gereël.

In die geval van wedstryde te perd is inskrywings van spanne en individuele lede van die Staande Mag vir wedstryde en militêre gymkhanas by geleentheid van landbou- en ander tentoonstellings toegelaat.

Die volgende **items** is goedgekeur.

i. Tentpensteek.

ii. Lemoensny en dergelike wedstryde.

iii. Springkompetisies.

iv. Stoeiwedstryde te perd.

v. Ander wedstryde wat spesiaal deur die Hoof van die Generale Staf goedgekeur is.

Deelname aan wedstryde van bostaande aard is goedgekeur omdat dit nuttige oefening verskaf het.

Die volgende **voorwaardes** was van toepassing in verband met deelname.

i. Die Hoof van die Generale Staf se toestemming moes vooraf verkry word en alle aansoeke is met behoorlike inagneming van diensvereistes oorweeg. Wanneer aansoeke in verband met deelname gedoen is, moes die aantal voornemende deelnemers van elke eenheid vermeld word.

ii. Die wedstryde moes geen addisionele onkoste vir die staatskas meebring nie.

iii. In die geval van standplase moes die Bevelvoerder van Troepe deur eenheidsbevelvoerders in kennis gestel word van die aantal deelnemers wat aan die goedgekeurde byeenkomste gaan deelneem.

iv. Alle deelnemers moes onder die toesig van 'n offisier na die plek van byeenkoms reis en vir die duur van die wedstryd is hulle as 'n militêre afdeling beskou.

v. Wanneer lede van net een eenheid aan die wedstryde deelgeneem het, moes die betrokke eenheidsbevelvoerder 'n offisier aansê om oor die deelnemers toesig te hou en om reëlings vir die huisvesting en rantsoene vir die betrokke lede te tref.

vi. Wanneer lede van meer as een militêre eenheid aan byeenkomste deelgeneem het, moes die offisier in bevel van Troepe die nodige reëlings tref.

vii. Alle lede, behalwe offisiere wat met hul privaat perde ry, moes tydens wedstryde in uniform gekleed wees.

Die deelname aan georganiseerde sport het voortgegaan op die grondslag soos dit in verband met die voorafgaande tydperk bespreek is. Daar kon ewenwel ook aan die volgende **sportsoorte** deelgeneem word:

i. Atletiek, insluitende landloop, (spanne van twee of meer lede).

ii. Voetbal.

iii. Krieket.

iv. Polo.

v. Hokkie.

vi. Boks (spanwedstryde). Lede van die Staande Mag kon aan buite-bokstoernooie (burgerlike toernooie) deelneem, maar moes dit op hul eie risiko doen. Beserings dáár opgedoen, sou nie beskou word asof dit opgedoen is terwyl die lid aan diens was nie.

vii. Skyfskiet.

viii. Tennis, mits dit, tensy anders gemagtig, op 'n baan van 'n staandemageenheid gespeel word.

ix. Handbal.

x. Swem, mits dit as 'n parade en onder toesig van 'n offisier, 'n adjudant-offisier of 'n onderoffisier uitgevoer word.

xi. Gholf.

xii. Medisynebal.

xiii. Muurbal, mits dit, tensy anders gemagtig, op 'n baan van 'n staandemageenheid beoefen is.

xiv. Pluimbal, mits dit, tensy anders gemagtig, ook op 'n klubbaan van 'n eenheid van die Staande Mag gespeel word.

Die aantal sportsoorte waaraan lede van die Staande Mag nou in georganiseerde verband kon deelneem, het dus nou 'n groter verskeidenheid gebied.

Met betrekking tot die mediese aspek is die volgende **bepalings** in bogenoemde orde vervat:

i. Lede van die Staande Mag wat beseer is terwyl hulle aan 'n goedgekeurde militêre vertoning, wedstryd te perd, sport of ontspanningsaktiwiteit deelgeneem het, is beskou asof die lid beseer is in die uitvoering van sy pligte.

ii. Indien 'n lid beseer is, moes sy eenheidsbevelvoerder dokumenêre bewys voorlê dat dié lid onder behoorlike toesig vir 'n goedgekeurde spel of wedstryd geoefen of daaraan deelgeneem het.

iii. Hierdie reëling het ook ten opsigte van militêre vertonings of wedstryde te perd gegeld. Indien 'n hof van ondersoek belê is om die aard van die beserings na te spoor, moes bogenoemde bewys ook aan die ondersoekdokumente geheg word. Lede van die Staande Mag is duidelik laat verstaan dat enige besering wat hulle in sport, wedstryde te perd, of militêre vertonings waarvoor daar geen spesiale voorsiening in bogenoemde order gemaak is nie, opgetree het of wat nie deur die Hoof van die Generale Staf goedgekeur is nie, nie vir die doeleindes van die vorige paragraaf in aanmerking sou kom nie.

iv. Dieselfde beginsel was ten opsigte van die deelname aan rekreatiewe aktiwiteite, wat gewoonlik op Woensdagmiddae beoefen is, van toepassing gemaak.

## b. Nuwe verwikkelinge

Op 29 Desember 1934 het die Suid-Afrikaanse militêre outoriteite goedgekeur dat lede van die Staande Mag aan bofbal en stoei op 'n georganiseerde wyse kan deelneem.

In 1934 is alle boksers in die Pretoria- en Robertshoogte-gebied van die Suid-Afrikaanse Staande Mag met "The South African Garrison Amateur Boxing Association" geaffilieer. Hierdie liggaam is deur die Suid-Afrikaanse Amateur Boksvereniging as 'n afsonderlike sportliggaam erken.

As gevolg van die feit dat daar nie landswye koördinasie op sportgebied in die Unieverdedigingsmag bestaan het nie, moes boksers wat in ander provinsies werksaam was as dié waarin Pretoria en Robertshoogte geleë is, in hul plaaslike provinsiale boksspanne opgeneem word om aan Suid-Afrikaanse kampioenskapstoernooie deel te neem. Die gevolg hiervan was dat boksers van die Suid-Afrikaanse Staande Mag dikwels teen mekaar moes boks en dat die punte wat die wenner verdien het dikwels ten gunste van 'n provinsie aangeteken is. In 1934 kon, as gevolg hiervan, die Unieverdedigingsmag nie die Lonsdale-beker verower nie.

Op 16 November 1934 het die destydse Direkteur van Militêre Opleiding en Operasies by Verdedigingshoofkwartier aan die bevelvoerders van die verskillende militêre kommandemente van bostaande posisie verwittig. In hierdie bekendmaking het die Direkteur van Militêre Opleiding en Operasies voorgestel dat 'n Staande Mag Amateurboksvereniging in die lewe geroep word en dat alle boksers van die Unieverdedigingsmag met hierdie liggaam affileer. Op dié wyse sou alle militêre boksers

beskikbaar wees om vir die Unieverdedigingsmag aan die nasionale kampioenskappe deel te neem.

Die bevelvoerder van die Kaapse kommandement, kol. G. E. Brink, D.S.O., was egter van oordeel dat die tyd nog nie ryp was vir die Unieverdedigingsmag om met die uitsondering van die miltêre skietverenging, met enige nasionale sportvereniging te affilieer nie. Hy het verder verklaar dat die tyd wel aangebreek het om 'n Staandemagsportklub met sy eie, onderskeidende kleure in die lewe te roep.

Laasgenoemde voorstel het tot gevolg gehad dat die Direkteur van Militêre Opleiding en Operasies op 5 Julie 1935 weer eens 'n skrywe aan die bevelvoerders van die kommandemente in verband met die voorgestelde stigting van 'n Staandemagsportklub gerig het. In bogenoemde skrywe het hy voorgestel dat:

1. 'n Konferensie belê moet word om die stigting van die klub te oorweeg.

ii. Die gestigte klub alle militêre sport, insluitende skiet en boks, volgens die riglyne van die **Army Sports Control Board** van die Britse Weermag moet beheer.

iii. Al die kommandemente op hierdie sentrale beheerliggaam verteenwoordig moet wees.

iv. Alhoewel die beoogde klub slegs verteenwoordigende sport van die Staande Mag sal organiseer en beheer die verskillende kommandementsportkomitees nog moet voortgaan om plaaslike sportligas en -kompetisies te reël.

v. 'n Eenvormige sportbaadjie met 'n wapen wat die verskillende sportsoorte verteenwoordig in alle kommandemente gedra moet word.

Bogenoemde voorstelle is gunstig deur al die kommandementbevelvoerders ontvang met dié gevolg dat die Direkteur van Militêre Opleiding en Operasies 'n konferensie belê het om die stigting van die voorgestelde sportklub te bespreek.

Dié stigtingsvergadering is op 6 Januarie 1936 gehou en die volgende afgevaardigdes het die konferensie bygewoon: Maj. H. B. Klopper, later Kommandant-generaal van die Suid-Afrikaanse Weermag, het die Kommandement Oranje-Vrystaat verteenwoordig. Ander verteenwoordigers was: maj. P. S. van Wyk, Kommandement Oostelike Provinsie; maj. J. J. C. Hamman, van die Robertshoogte en Transvaalkommandement; kapt. K. C. S. Layzell, van die Kaapse Kommandement; lt.-kol. I. Daniel, van die Natalse Kommandement; lt.-kol. D. S. S. Naudé, van die Kwartiermeester-generaal; en kapt. Sparks, van die Adjudant-generaal se afdelings.

### c. Suid-Afrikaanse Staande Mag Sportklub-grondwet

Aangesien die Suid-Afrikaanse Staande Mag se sportklub die eerste militêre organisasie geword het om sport voortaan op 'n uniale basis te organiseer, is dit belangrik dat sy grondwet en reglement hier weergegee word. Dit dui die besondere funksionering van die sportorganisasie in die toenmalige Unieverdedigingsmag aan. Hier volg die grondwet en reglement:

**(1) Naam**

Die naam van die klub is "Die Suid-Afrikaanse Staande Mag se Sportklub", hierna genoem "die klub".

**(2) Klubhoofkwartier**

Die hoofkwartier van die klub is in die Groothoofkwartier, Pretoria.

**(3) Lidmaatskap**

Lidmaatskap van die klub is verpligtend en beperk tot lede van die S.A. Staande Mag, met inbegrip van offisiere en/of minderes wat voltyds by die S.A. Staande Mag diens doen.

**(4) Omskrywing van "Kommandement"**

Die woord "kommandement", waar dit ook al voorkom in hierdie grondwet of die reglement waarna in artikel 12 hiervan verwys word, beteken 'n kommandement of 'n kombinasie van kommandemente wat die raad bepaal (soos in artikel 5) hiervan vasgestel is en wat in die die order gepubliseer is. As 'n kommandement egter meer as een span vir 'n bepaalde sportsoort laat inskryf, word geag dat die omskrywing van die woord "kommandement" net van toepassing is op die kommandement as 'n geheel en nie op die afsonderlike spanne nie.

**(5) Administrasie**

i. Die klub word beheer ooreenkomstig hoofstuk IX van die Regulasies vir

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 1, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

die S.A. Staande Mag en die Orders en Instruksies wat ingevolge daarvan opgestel is.

ii. Die sake van die klub word bestuur deur 'n Raad van Beheer, hierna genoem "die raad".

Die raad sal uit elf lede bestaan en is soos volg **saamgestel:**

i. Die Direkteur van Militêre Operasies en Opleiding.

ii. Twee ander verteenwoordigers van die militêre afdelings te Verdedigingshoofkwartier, Pretoria.

iii. Een verteenwoordiger van elkeen van die volgende: Die Kaapse Kommandement, die Kommandement Oostelike Provinsie, die Kommandement Oranje-Vrystaat, die Kommandement Natal, die Kommandement Robertshoogte, die Kommandement Witwatersrand, die Kommandement Transvaal.

iv. Die Rekenmeester en Hoofbetaalmeester.

Die Direkteur van Militêre Operasies en Opleiding sal as voorsitter optree.

(6) **Aanstelling van Verteenwoordigers en Beamptes**

i. Die raad stel 'n sekretaris aan, wat nie lid van de raad is nie.

ii. Vakatures van 'n permanente aard ten opsigte van verteenwoordigers in die raad word gevul soos hulle ontstaan, maar vakatures in die amp van sekretaris word deur die raad gevul.

iii. Die aanstelling van verteenwoordigers en beamptes word in die Magsorders bekend gemaak.

(7) **Funksie van die Raad**

i. By die vergadering wat gedurende Januarie gehou moet word, lê die voorsitter van die raad 'n verslag van die werksaamhede van die klub oor die afgelope jaar voor.

ii. Die raad organiseer en koördineer alle sportsake wat meebring die verteenwoordiging van die S.A. Staande Mag in kompetisies tussen kommandemente en tussen weermagslede of in nasionale of provinsiale wedstryde wat, na die mening van die raad, van die aard van kompetisies tussen kommandemente en weermagsdele of nasionale of provinsiale wedstryde is;

kies afgevaardigdes na die verskillende Suid-Afrikaanse sportunies of -verenigings;

affilieer by daardie unies of verenigings;

laat spanne van die Staande Mag inskryf vir die sportnommers wat in (7) ii beskryf word;

ken die Staande Mag se "goue" wapens toe;

bewaar, verseker, graveer en wys die wisseltrofeë toe wat die eiendom van die klub is.

iii. Die raad het die bevoegdheid om kompetisies of wedstryde te reël waaraan ander lede van die Unieverdedigingsmag kan deelneem.

iv. Die raad is nie verantwoordelik vir die onderhoud van 'n kommandement, eenheid of menasie se terrein of uitrusting nie.

(8) **Pligte van die Sekretaris**

Dit is die plig van die sekretaris om alle raadsvergaderings by te woon; om die verrigtinge van elke vergadering te notuleer en om te sorg dat eksemplare van die notules binne veertien dae na 'n vergadering aan alle raadslede gestuur word: om die kennisgewings wat die vergaderings belê op te stel en saam met die agendas aan alle raadslede te stuur en wel veertien dae voor die datum wat vir die vergadering bepaal is; om by elke vergadering 'n noukeurige eksemplaar van die klub se grondwet en die reglement waarna in artikel 12 hiervan verwys word, te hê en voor te lê; om te sorg vir alle boeke en registers en om aandag te gee aan alle sake met betrekking tot die klub wat van tyd tot tyd na die sekretaris verwys of gewoonlik deur hom behandel word.

(9) **Raadsvergaderings**

i. Wat hierdie grondwet betref, loop die klubjaar van 1 Januarie tot 31 Desember.

ii. Die vergaderings van die klub is tot raadsvergaderings beperk.

iii. Die raad kom tweemaal per jaar byeen, t.w. gedurende die maande Januarie en Julie, en van hierdie vergaderings moet deur middel van die magsorders tydig kennis gegee word.

iv. Buitengewone vergaderings van die raad word gehou wanneer dit nodig geag word deur die voorsitter, wat ook na goeddunke die raadslede per brief kan raadpleeg oor alle aangeleenthede wat op die klub betrekking het.

v. Die voorsitter presideer by alle vergaderings, maar by sy afwesigheid tree die naashoëre lid in sy plek op by die bepaalde vergadering. Hierdie feit word genotuleer.

vi. Minstens ses raadslede is 'n kworum.

vii. Kommandemente buite Transvaal kan met volmag by 'n vergadering verteenwoordig word, behalwe by die raadsvergadering wat gedurende Januarie gehou moet word en wat kommandemente se verteenwoordigers moet bywoon.

viii. Die subkomitees wat die raad aanstel, kom byeen al na dit nodig blyk.

(10) **Stem**

i. Stemming geskied met geslote briefies of deur die hande op te steek. Die uitslag van die stemming word genotuleer met vermelding van die aantal stemme wat vir en teen 'n voorstel uitgebring is.

ii. Die voorsitter stem nie, behalwe by staking van stemme en dan is hy verplig om te stem.

iii. 'n Voorstel word met 'n meerderheid van stemme aangeneem.

iv. Sake wat nie as voorstelle behandel word nie, word as raadsbesluite genotuleer.

v. Die sekretaris het nie 'n stem nie.

(11) **Wysiging van Grondwet**

Geen wysiging van die grondwet word oorweeg nie tensy die sekretaris een maand vooruit skriftelik van die voorstel in kennis gestel is. Geen wysiging van die grondwet tree in werking voordat dit bekragtig en in die Magsorders gepubliseer is nie.

d. **Beskermheer en Ere-presidente**

Die voorsitter van die sportklub het op 5 Maart 1936 'n aantal hooggeplaaste burgerlike en militêre persone genader met die oog op die aanvaarding van sekere ere-aanstellings in genoemde sportklub. Dit het tot gevolg gehad dat Sy Ekselensie, die Graaf van Clarendon, P.C., G.C.M.G., die destydse Goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika, die ere-aanstelling as beskermheer van die sportklub aanvaar het. Die destydse Minister van Verdediging, adv. O. Pirow, K.C., briggenl. sir Pierre van Ryneveld, K.B.E., D.S.O., M.C. en genl.-maj. A. J. E. Brink, D.T.D., D.S.O., het die benoemings as ere-presidente van die Suid-Afrikaanse Staande Mag Sportklub aanvaar.

Hierdie sportklub het tot in 1939 met sy werksaamhede voortgegaan. As gevolg van deelname van die Unie aan die Tweede Wêreldoorlog is die bedrywighede gestaak.

Op 1 Oktober 1937 het die voorsitterskap van bovermelde sportklub van kol. P. de Waal na kol. G. E. Brink, D.S.O. die destydse Direkteur van Militêre Operasies en Opleiding, oorgegaan.

e. **Nuwe sportsoorte**

Intussen is op 14 Maart 1936 die aantal sportsoorte, waaraan lede van die Suid-Afrikaanse Staande Mag deelneem, met die toevoeging van vlieg en sweef uitgebrei. Lede van die Staande Mag wat wou vlieg of vliegonderrig wou ontvang, moes lede van die Verdedigingskleinvliegtuigklub word en kon alleenlik in vliegtuie vlieg wat aan die klub behoort. Met betrekking tot sweef het die militêre outoriteite bepaal dat lede van die Suid-Afrikaanse Staande Mag met die goedkeuring van die Hoof van die Generale Staf by erkende sweefvliegklubs kan aansluit.

'n Verdere byvoeging tot die lys van goedgekeurde sportsoorte het op 10 Oktober 1936

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 1, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

voorgekom met die goedkeuring van gimnastiek (mits dit as 'n parade onder toesig van 'n offisier, adjudant-offisier of onderoffisier beoefen is) en sleepjag.

f. **Sportbeleid**

Soos reeds vermeld is, het die verantwoordelikheid om sportbyeenkomste binne kommandementsgebiede te reël, berus by die sportkomitees wat vir daardie doel gestig is. Alhoewel in die reedsgenoemde orders voorsiening vir die organisasie om die werk te verrig gemaak is, het daar nie 'n algemene sportbeleid vir die Unieverdedigingsmag bestaan nie.

Om eenvormigheid ten opsigte van sportdeelname in die verskeie kommandemente te bewerkstellig, het die destydse bevelvoerder van die Kommandement Robertshoogte voorgestel dat 'n vergadering belê word om sekere voorstelle vir 'n algemene sportbeleid te bespreek. Genoemde vergadering is op 27 Februarie 1937, onder voorsitterskap van lt.-kol. C. J. Venter, by Verdedigingshoofkwartier, Pretoria, gehou.

Die werksaamhede van hierdie vergadering het gelei tot die volgende algemene **sportbeleid** wat vanaf 27 Februarie 1937 van toepassing geword het.

i. Alle spanne van al die verskillende sportsoorte sal as Garnisoenspanne bekend staan.

ii. Indien daar in enige sportsoort in enige kommandement gevind word dat die betrokke sportkomitee oor voldoende spelers beskik om meer as een span in die senior ligas van 'n betrokke sportsoort in te skryf, kan dit so gedoen word. Dit moet as Garnisoen A, B, C of wat die geval ook al mag wees, bekendstaan.

iii. Die kies van spanne moet sorgvuldig en deeglik gedoen word. Eenheidsverteenwoordigers moenie hulle spelers op die voorgrond druk nie, maar moet toesien dat, afgesien van die aantal spelers wat uit die geledere van een spesifieke eenheid afkomstig is, die sterkste spanne gekies word.

iv. Die hoofdoel met garnisoensport vir die spanne is om hulself in die oë van die publiek verdienstelik te maak en veral op 'n eervolle wyse van hul taak te kwyt. Dit geld vir ligabepalings.

v. Indien daar gevind word dat tussen-eenheidsligabepalings in enige opsig die Garnisoen se spanne in die burgerlike ligas verswak, moet die inter-eenheidswedstryde aan die einde van die seisoen gespeel word.

vi. Soveel spanne as moontlik moet, afhangende van die beskikbaarheid van fasiliteite in die verskeie sportsoorte, saamgestel word. In hierdie verband is tewens daarop gewys dat spanne, veral in die laaste gedeelte van die sportseisoen, as gevolg van beserings verswak word en dat daar probleme ondervind word om spanne op volle sterkte te hou. Hierdie toedrag van sake kan veroorsaak dat bepalings nie nagekom kan word nie.

vii. Hierdie optrede moet ten alle koste vermy word en kan voorkom word deur voldoende aantal reserwe spelers vir elke span beskikbaar te hê.

Dit sal nie alleen verseker dat die Garnisoenspanne hulle ligabepalings nakom nie, maar tewens tot gevolg hê dat spelers moet kompeteer om plekke in die span te kry. Sodoende sal die gehalte van die spel ten goede beïnvloed word.

Vir spelers wat nie aan gereelde wedstryde deelneem nie, moet vriendskaplike kompetisies gereël word sodat hulle ook 'n kans het om die gehalte van hul spel te verbeter.

viii. Lede van die verskillende kommandemente moet vir hul plaaslike Garnisoenspanne, mits die betrokke sportsoorte in die kommandement beoefen word, in enige sportsoort van hul keuse deelneem.

ix. Sou die garnisoen sportkomitee nie vir 'n spesifieke sportsoort voorsiening maak nie, kan lede wat daardie sportsoort wil beoefen, toegelaat word om vir 'n burgerlike klub te speel tot tyd en wyl die Garnisoensportkomitee vir sodanige sportsoort voorsiening maak. Daarna moet die lid vir die Garnisoenspan speel.

x. Die beherende liggaam vir Garnisoensportkomitees in elke kommandement berus by die Kommandementsbevelvoerder. Laasgenoemde moet ten volle vertroud met die sportsituasie binne sy gebied van verantwoordelikheid wees. Dienooreenkomstig moet alle wedstryde wat deur

eenhede gereël word die goedkeuring van die Garnisoensportkomitee wegdra.

xi. Pogings moet daadwerklik aangewend word om die "Garnisoensgees" te bevorder. Om dit te kan bereik, is die vriendskaplike samewerking tussen eenhede noodsaaklik.

xii. Wedywering tussen eenhede is skadelik vir garnisoensamespanning en moet tot 'n minimum beperk word.

Hierdie beleidsverklaring was daarop gemik om eenvormigheid binne die sportorganisasies van die Unieverdedigingsmag te bewerkstellig. Op 30 Julie 1938 is rolbal tot die lys van goedgekeurde sportsoorte toegevoeg, terwyl jakkalsjag en gewigoptel vanaf 19 Augustus 1939 as sportsoorte in die Suid-Afrikaanse Staande Mag beoefen kon word.

Dit is opvallend dat die Suid-Afrikaanse Staande Mag se Sportklub geen seggenskap in die ontwikkeling van nuwe sportrigtings vir die Unieverdedigingsmag gehad het nie. Genoemde sportklub het ook geen beleidmakende funksie verrig nie, maar was slegs in 'n organiserende en koördinerende kapasiteit werksaam. Die finale seggenskap ten opsigte van beleidsbeslissings het nog steeds by die Hoof van die Generale Staf berus.

### 3. Tydens die Tweede Wêreldoorlog [1939-1946]

#### a. Geslote klubs

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, in September 1939, is alle georganiseerde sport en rekreatiewe opleiding deur die Suid-Afrikaanse Staande Mag se Sportklub ooreenkomstig die reeds genoemde Regulasies vir die Staande Mag en die instruksies wat daarvolgens saamgestel is, geadministreer.

Lidmaatskap tot laasgenoemde sportklub was verpligtend en tot lede van die Suid-Afrikaanse Staande Mag beperk. Omdat lidmaatskap verpligtend was, is die geslote klubbeginsel hierdeur erken. 'n Logiese uitvloeisel hiervan was dat die bepalings van die orders en instruksies wat ten opsigte van sportbeoefening op die lede van die Staande Mag betrekking gehad het, ook op lede van die Burgermag wat voltyds diens in die Staande Mag verrig, van toepassing was. Alhoewel die Suid-Afrikaanse Staande Mag-Sportklub gedurende die oorlogsjare in onbruik was, het die bepalings daarvan steeds van toepassing gebly.

Op 14 Oktober 1941 het die Suid-Afrikaanse militêre outoriteite weereens besluit om nuwe sportrigtings vir deelname oop te stel. Skermkuns, yshokkie, muurbal en ringtennis is tot die bestaande lys van goedgekeurde sportsoorte gevoeg.

Diensdoende lede van die Unieverdedigingsmag is op 15 April 1942 deur middel van militêre orders verwittig dat hulle nie in burgerlike ligas vir burgerlike klubs mag speel nie, maar uitsluitend vir eenheids- en/of gekombineerde verdedigingspanne moet speel.

'n Bevelvoerder kon egter spesiale vergunning aan lede wat met verlof was [nie naweekverlof nie], verleen om vir burgerlike klubs te speel as hulle hul verlof op 'n aanmerklike afstand van hul gewone opleidingsentrum of standplaas deurgebring het. Toestemming kon selfs aan lede gegee word van wie nie verwag is om in garnisoens- of eenheidspanne te speel nie.

Hierdie maatreël het burgerlike sportklubs gedurende die oorlogsjare bevoordeel.

Voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog moes alle sportwedstryde sover as moontlik binne die Unieverdedigingsmag gereël word, maar vergunning is verleen dat, met die toestemming van die Hoof van die Generale Staf, garnisoensportklubs aan burgerlike ligas kan deelneem.

Vanaf 14 Julie 1942 moes alle aansoeke om aan burgerlike ligas of wedstryde tussen 'n Unieverdedigingsmagspan en 'n burgerlike span, sowel as die voorneme om gymkhana- of sportbyeenkomste te hou, aan die bevelvoerende generaal van die betrokke gebied en nie aan die Hoof van die Generale Staf nie, vir oorweging voorgelê word. Sulke aansoeke moes vergesel wees van voorgestelde programme. Die bevelvoerende generaals moes op die laaste dag van elke maand 'n opgawe met volle besonderhede van alle goedkeurings wat hulle verleen het aan die Hoof van die Generale Staf stuur.

#### b. Voorgestelde sportbeheerraad

Die beheer en organisasie van sport het op 3 Oktober 1942 weereens in 'n gesprek tussen genls.-maj. G. E. Brink en C. J. Venter ter sprake gekom. Albei was van oordeel dat die Suid-Afrikaanse Staandemagsportklub as gevolg van groter sportbeoefening nie meer aan sy doel beantwoord het nie en dat 'n beheer-

raad in die plek van laasgenoemde sportklub in die lewe geroep moes word. Hulle het voorgestel dat die beoogde raad as die Unie-Verdedigingsmag Sportbeheerraad bekend moet staan en die volgende **funksies** moet vervul:

i. Om beleid betreffende georganiseerde sport en rekreatiewe opleiding te bepaal.

ii. Om afgevaardigdes na die verskeie Suid-Afrikaanse Sportunies en -verenigings aan te wys.

iii. Om met hierdie nasionale unies of verenigings te affilieer.

iv. Om wisseltrofeë veilig te bewaar, te verseker, te graveer, en toe te ken.

v. Om verantwoordelik te wees vir die instandhouding van sportfasiiteite of uitrusting by enige kommandement of eenheid.

Die voorstel was, volgens bogenoemde twee generaals, nie daarop gemik om die Sportbeheerraad van die Suid-Afrikaanse Lugmag te vervang nie. Laasgenoemde orgnisasie moes bly voortbestaan om vir die behoeftes van die S.A. Lugmag voorsiening te maak.

Gedurende Januarie 1943 het die bevelvoerende generaal van die kusgebiede in 'n skrywe aan die Hoof van die Generale Staf sy besorgdheid oor die fiksheidstandaard van troepe in die kusgebiede uitgespreek. Hierdie lae fiksheidstandaard het, volgens bogenoemde generaal, tot die verslegting van die moreel bygedra. Hy het die onbevredigende toestand aan die destydse liggaamlike opleidingsmetodes toegeskryf en 'n hersiening van beleid bepleit. Hy het dit as noodsaaklik beskou dat die liggaamlike en rekreatiewe opleiding nie geskei moet word nie, maar dat hulle mekaar moet aanvul en verder vermeld hy dat weinig op die gebied van rekreatiewe opleiding in die kusgebiede bereik is. Hy het hierdie toedrag van sake aan gebrekkige beleid, 'n koördinerende organisasie dwarsdeur die Unie, finansiële bystand, terrein en uitrusting toegeskryf. Ten slotte het die bevelvoerende generaal van die kusgebiede voorgestel dat 'n Unieverdedigingsmag-beheerraad geskep moet word om alle sake rakende die sport van die magte op uniale grondslag te organiseer en beheer daaroor uit te oefen. Hierdie gedagtes het by die reeds genoemde sienswyses van generaals Brink en Venter aangesluit.

Bogenoemde samesprekings en vertoë het tot gevolg gehad dat op 2 Maart 1943 'n konferensie in die kantoor van die Kommandant van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege op Voortrekkerhoogte gehou is om die stigting van die beoogde Sportbeheerraad te bespreek wat die plek van die Suid-Afrikaanse Staande Mag se Sportklub moet inneem.

Die konferensie het onder voorsitterskap van brig. J. B. Kriegler, Kommandant van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, gestaan en is deur die volgende lede bygewoon:

Namens die Suid-Afrikaanse Lugmag: Brig. Seneschal en eskaderleier Lancaster.

Namens die Kwartiermeester-generaal se afdeling: Lt.-kol. Liebenberg.

Namens die Binnelandse gebiede Lt.-kol. Rood.

Namens die Direkteur van die Nie-Blanke

Hulpdienste: Lt.-kols. Mockford en Horwitz.

Namens die Adjudant-generaal: Mej. Summerfield.

Namens die Kusgebiede: Maj. Olupen.

Namens die Vlootmag: O.-Lt. Key.

Namens die Leër-Vrouehulpdiens: Maj. (Mev.) Grinter en Lt. (Mej.) Streak.

Namens die Sekretaris van Verdediging: Mnr. Slattery.

Die werksaamhede van hierdie komitee het egter, as gevolg van die oorlogsomstandighede, eers in 1947 op die herstigting van die voormalige Suid-Afrikaanse Staande Mag-Sportklub uitgeloop.

c. **Sport in die normale opleidingsprogramme**

Aan die begin van 1943 het die militêre outoriteite verklaar dat een van die grootste probleme wat hulle moes oorbrug voordat 'n soldaat na die gevegsfront gestuur kan word, was om hom fiks vir gevegsomstandighede te kry en te hou.

Om dié doelstelling te kan verwesenlik en terselfdertyd daarvoor sorg te dra dat die soldaat se vrye tyd doeltreffend bestee word, het die militêre owerhede besluit dat massadeelname aan sport en rekreatiewe opleiding in die normale opleidingsprogramme van alle eenhede ingesluit moet word.

Die doel waarna hier gestreef is, was om spesialisasie deur spesifiek opgeleide of na-

tuurlik begaafde sportmanne te voorkom en om te verseker dat alle liggaamlik geskikte soldate aan sport en spele sal deelneem.

Om hierdie skema dwarsdeur die Unie-verdedigingsmag te laat posvat, is op 3 Februarie 1943 'n demonstrasie op die terrein van die Garnisoenontspanningsklub op Voortrekkerhoogte gereël. Tydens dié demonstrasie is verskeie spele en sportnommers gelyktydig op dieselfde terrein aangebied.

Die volgende spele en sportnommers is in genoemde demonstrasie ingesluit Spanatletiekbyeenkoms, landloop, swem, tennis, boks, stoei, krieketnetoefeninge, grotere en kleinere spele en hindernisbaanopleiding.

Verskeie offisiere soos lt.-kol. D. H. Craven, van die Liggaamlike Opleidingsbataljon en maj. D. S. Pretorius, Bevelvoerder van die Tak Liggaamlike Opleiding, en onderoffisiere het 'n leidende aandeel in die organisasie van hierdie demonstrasie gehad.

Ook het lede van die Vrouehulpdienste opgetree. Onder leiding van lt. (mej.) M. A. Barrett het hulle aan krieket, ringtennis, netoefeninge tennis, sagtebal, netbal, kleinere spele, spanatletiekbyeenkomste en swem deelgeneem.

Die welslae wat met hierdie eerste grootskaalse vertoning van massadeelname aan sport behaal is, het bewys dat dit moontlik was om groot getal deelnemers gelyktydig aan sport te laat deelneem. Die gevolg hiervan was dat alle bevelvoerders van Suid-Afrikaanse militêre eenhede en militêre basisse gelas is om sport en rekreatiewe opleiding as deel van die normale militêre opleidingsprogram in te voer.

Die invoering van sport en spele in die bestaande opleidingsprogramme van die Unieverdedigingsmag het dus as gevolg van sport se fisieke en rekreatiewe waarde geskied en op dié wyse is die noodsaaklikheid van sport in militêre verband terselfdertyd beklemtoon. Hierdie vooruitgang op sportgebied het nie 'n verandering of uitbouing in die oorhoofse beheer en organisasie van sport in die Unieverdedigingsmag tot gevolg gehad nie.

d. **Nuwe sportrigting**

Die militêre owerhede het op 18 Junie 1945 besluit dat polo ook een van die sportsoorte kan wees vir lede wat aan berede sport tydens gymkhanas en ander vertonings deelneem.

Soos reeds vermeld is, het die voormalige Suid-Afrikaanse Staande Mag se Sportklub met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in onbruik geraak. Die bestaande orders en instruksies ten opsigte van sportbeoefening deur die lede van die Staande Mag en die Aktiewe Burgermag wat voltydse militêre diens verrig het, het gedurende die oorlogsjare van krag gebly. Die beheer oor sport is gedurende hierdie tydperk deur gebiedsbevelvoerders uitgeoefen wat op hulle beurt aan die Hoof van die Generale Staf verantwoordelik was.

4. **Die tydperk 1947-1966**

a. **Herstigting van die Suid-Afrikaanse Staande Mag se Sportklub**

Daar is reeds op gewys dat die behoefte aan 'n uniale beheerraad vir sport in die militêre mag van Suid-Afrika in 1943 ter sprake gekom het en dat die werksaamhede van die konferensie, wat op 2 Maart 1943 onder voorsitterskap van brig. J. B. Kriegler gehou is, as gevolg van die oorlogsomstandighede nie onmiddellik vrugte afgewerp het nie. Gedurende die tydperk 1943 tot 1947 het die beheer en organisasie van sport steeds by die bevelvoerders berus.

Op 29 Januarie 1947 het die Hoof van die Generale Staf in 'n omsendbrief bekend gemaak dat die Suid-Afrikaanse Staande Mag se Sportklub soos volg **hersaamgestel** is.

i. **Voorsitter** — die Adjunk-Hoof van die Generale Staf.

ii. **Lede** — 'n Offisier in beheer van menasies en kantiene.

Een verteenwoordiger elk van: die Suid-Afrikaanse Landmag; die Suid-Afrikaanse Lugmag; en die Suid-Afrikaanse Seemag. Een verteenwoordiger van elkeen van die volgende kommandemente: Die Kaapse Kommandement; die Natalse Kommandement; die Noordelike Kommandement; die Sentrale Kommandement; en:
Een verteenwoordiger van 11 Pantserbrigadegroep.

iii. **Die Sekretaris:** Kapt. J. H. Burger.
As **doelstellings** van die Sportklub is genoem: Die organisering en koördinering van alle sportaktiwiteite wat verteen-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 1, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

woordigend van die Suid-Afrikaanse Staande Mag in enige kommandements-, tussendiens-, provinsiale of nasionale kampioenskapsbyeenkoms of toernooi is.

Uit dié doelstellings is dit duidelik dat die hoogste sportorganisasie in die Unie-verdedigingsmag nog nie oor 'n bestuursfunksie beskik het nie, maar steeds — net soos voor die Tweede Wêreldoorlog-uitsluitend organisatoriese en koördinerende take gehad het.

Dieselfde blyk uit die grondwet en reglement wat op 1 Desember 1947 in militêre orders gepubliseer is. Hieruit is, met uitsondering van die samestelling van die sportklub, dieselfde reëls neergelê as dié wat vir die voormalige Suid-Afrikaanse Staande Mag se Sportklub gegeld het.

b. **Promulgering van 'n nuwe sportinstruksie**

Vordering op sportadministratiewe gebied is op 25 Februarie 1948 in die Unie-verdedigingsmag met die promulgering van 'n nuwe instruksie betreffende die organisasie en beheer van sport binne bogenoemde militêre organisasie gemaak. Hierdie instruksie het alle vorige orders en instruksies met betrekking tot sport en rekreatiewe opleiding in die Unie-verdedigingsmag, behalwe die grondwet en reglement van die Suid-Afrikaanse Staande Mag se Sportklub, gekanselleer.

Die militêre owerhede het die deelname aan sport en rekreatiewe opleiding uit sowel 'n opleidings- as moreelbouende faktor bestempel en die deelname daaraan deur staandemaglede aangemoedig.

Die deelname aan sport en rekreatiewe opleiding is, onderworpe aan die volgende **voorwaardes,** as diens beskou:

1. **Beheer**

Sport en rekreatiewe opleiding is soos volg beheer:

a. Binne eenhede: Deur die eenheidsbevelvoerders.

b. Binne kommandemente en formasies: Deur die bevelvoerders van kommandemente en formasies.

Alle sportbedrywighede binne kommandemente moet soveel moontlik tot kompetisies tussen lede van die Unie-verdedigingsmag beperk word, maar die bevelvoerende offisiere van kommandemente en formasiebevelvoerders kan in die volgende gevalle toestemming tot deelname aan kompetisies teen burgerlike klubs verleen:

i. Indien dit wenslik en in die belang van die Diens geag word dat spanne/indiwidue aan kompetisies, ligas of spesiale wedstryde, behalwe tussen lede van die Mag, deelneem.

ii. Indien die nodige geleentheid nie binne die Unie-verdedigingsmag ter beskikking van lede van die Suid-Afrikaanse Staande Mag is nie.

c. Binne die Unie-verdedigingsmag: Deur die Beheerraad van die Suid-Afrikaanse Staande Mag se Sportklub.

d. Vlieëry deur lede van die Suid-Afrikaanse Lugmag se Vliegklub is deur die Direkteur-generaal van die Lugmag deur bemiddeling van die bevelvoerders van kommandemente beheer.

2. **Organisasie**

a. Alle sport en rekreatiewe opleiding word behoorlik georganiseer en beheer. Kompetisies en wedstryde vind onder beheer van 'n offisier plaas.

b. Eenheidsbevelvoerders moet vroegtydig goedkeuring vir die hou van sportbyeenkomste van die kommandementsbevelvoerders verkry.

Aansoeke om goedkeuring word deur inagneming van die vereistes van die Diens oorweeg. Tesame met elke aansoek moet die eenheidsbevelvoerders die aantal en name van die betrokke spelers vermeld.

c. Geen addisionele onkoste vir die Staatskas mag sonder die vooraf verkreë magtiging van die Hoof van die Generale Staf vir enige sportbyeenkoms aangegaan word nie.

d. Die deelname aan georganiseerde sport en rekreatiewe opleiding op Sondae, Goeie Vrydag, Kersdag of Hemelvaartdag word verbied.

e. Motorvoertuie en perde van die Departement van Verdediging kan, onderworpe aan die goedkeuring van die kommandementsbevelvoerders, en ooreenkomstig die voorwaardes wat deur die Kwartier-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 1, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

meester-generaal neergelê is, vir rekreatiewe opleiding gebruik word.

f. Na en van die plek waar sport- en rekreatiewe byeenkomste plaasvind, moet personeellede in 'n geselskap onder toesig van 'n offisier reis. Hy is ook, met inbegrip van die verskaffing van behoorlike huisvesting en rantsoene aan die lede, vir die tref van alle reëlings verantwoordelik.

3. **Sportsoorte**

Sport en rekreatiewe aktiwiteite het onderstaande spele, wedstryde en perdesportitems, tensy spesiale magtiging vir die deelname aan bykomende sportsoorte van die Hoof van de Generale Staf verkry is, behels: Atletiek, sokker, hengel, boks, pluimbal, bofbal, rolbal, krieket, slipjag*, jakkalsjag*, skerm, vlieg en vliegonderrig deur lede van die Suid-Afrikaanse Lugmag se Vliegklub met vliegtuie wat die eiendom van die klub is ooreenkomstig die reëls en regulasies betreffende vlieëry wat deur die Direkteur-generaal van die Suid-Afrikaanse Lugmag voorgeskryf is, sweef by erkende sweefklubs, gholf, gimnastiek, hokkie, handbal, yshokkie jukskei, spring*, lemoensny*, medisynebal, polo*, rugby, skyfskiet, perdry*, sagtebal, swem, muurbal, tennis, ringtennis, pensteek*, waterpolo, stoei, stoei te perd*, gewigoptel en seiljag.

4. **Beserings**

a. Lede van die Suid-Afrikaanse Staande Mag wat beseer word terwyl hulle aan goedgekeurde sport en rekreatiewe opleiding deelneem, word as beseer beskou in die uitvoering van diens mits die besering opgedoen is in die loop van rekreatiewe opleiding wat ooreenkomstig die bepaalde voorwaardes beoefen is.

b. 'n Aansoeker se eis moet in elke geval gestaaf word deur 'n sertifikaat van sy of haar bevelvoerder met 'n aantekening van die kommandementsbevelvoerder daarop dat die voorwaardes van die toepaslike regulasies nagekom is.

Die promulgering van bostaande instruksies betreffende die beheer en organisasie van sport is belangrik omdat meer magte aan ondergeskikte bevelvoerders deur die Hoof van die Generale staf gedelegeer is. Lede van die Suid-Afrikaanse Staande Mag kan ook aan 'n groter verskeidenheid van sportsoorte deelneem. Tot hierdie sportsoorte is fietsry op 3 Julie 1950 toegevoeg.

Vanaf 22 Augustus 1952 is die beheer oor die deelname aan sport en rekreatiewe aktiwiteite ingestel waar dit lede van militêre sendings wat buite die Unie van Suid-Afrika diensdoen betref. Die hoof van so 'n militêre sending kan aan alle personeellede onder sy administratiewe beheer toestemming verleen om aan burgerlike kompetisies deel te neem onder dieselfde omstandighede as paragrawe l.b.i. en ii. hierbo genoem. Dit geld ook met betrekking tot deelname aan erkende sportbyeenkomste wat in die land, waar so 'n sending diensdoen, georganiseer word.

c. **Vernuwing op sportgebied**

Op 1 Februarie 1958 het die Suid-Afrikaanse militêre outoriteite verklaar dat die soldate se opleiding in twee hoofkategorieë ingedeel kan word:

i. Driloefeninge en onderrig in tegnieke wat sy tegniese bekwaamheid in geval van oorlogvoering sal verseker.

ii. Die ontwikkeling van persoonlike hoedanighede in die soldaat wat lewensbelangrik in geval van oorlogvoering is.

Die persoonlike hoedanighede wat lewensbelangrik is tydens oorlogvoering sluit moed, uithouvermoë, gereedheid, kameraadskap, lojaliteit, dissipline en leierskap in. Hierdie eienskappe kan die beste ingeskerp en ontwikkel word deur die deelname aan rekreatiewe opleiding waarvan die vernaamste aspek die deelname aan sport is. Verder bevorder die deelname aan sport beslis gewenste eienskappe soos moed, gereedheid, dissipline en leierskap en speel dit 'n groot rol in die beoefening van uithouvermoë. Dit dra ook baie tot die op- en uitbou van eenheidsgees en kameraadskap by.

Liggaamlike opleiding wat by die soldaat se opleidingsleerplan ingesluit is en derhalwe 'n deel van sy ampspligte vorm, is weliswaar op sigself belangrik en nuttig, maar dit dra weinig tot die bevordering van eenheidsgees en kameraadskap by en kan gevolglik nie as 'n plaasvervanger vir rekreatiewe opleiding beskou word nie.

Hieruit blyk oortuigend dat die Suid-Afrikaanse militêre owerhede besef het dat die deel-

* Dui perdesportitems aan.

name aan rekreatiewe opleiding noodsaaklik vir die behoorlike opleiding van enige soldaat is en dat hulle dit as 'n essensiële en onafskeidbare deel van die Suid-Afrikaanse militêr se opleiding beskou het. Die gevolg hiervan was dat 'n nuwe en in baie opsigte 'n veelomvattende stelsel met betrekking tot die deelname aan rekreatiewe aktiwiteite vanaf 1 Februarie 1958 in werking getree het.

Op die keper beskou was hierdie stelsel 'n suiwere uiteensetting van die ontwikkeling van gewenste eienskappe van die soldaat onder bepaalde omstandighede en beklemtoning van die waarde van sekere rekreatiewe aktiwiteite, soos deur lede van die Unie-verdedigingsmag beoefen.

d. **Sportraad van die Unieverdedigingsmag**
Bogenoemde stelsel is veral betekenisvol omdat dit voorsiening vir die instelling van 'n Sportraad van die Unieverdedigingsmag gemaak het. Hierdie Raad het die Suid-Afrikaanse Staande Mag se Sportklub vervang.
Die nuutgestigte sportraad was soos volg **saamgestel.**

**Voorsitter:** Die Inspekteur-generaal.

**Lede:** Die Leërstafhoof, die Lugstafhoof, die Vlootstafhoof, die Adjudant-generaal, die Kwartiermeester-generaal en die Geneesheer-generaal.

**Sekretaris:** Die persoonlike adjudant van die Inspekteur-generaal.

Die **bevoegdhede** en **pligte** van die Sportraad van die Unieverdedigingsmag was die volgende:

i. Die Raad is verantwoordelik vir die algemene beheer oor en organisasie van sport en alle vorms van rekreatiewe opleiding binne die Unieverdedigingsmag.

ii. Geen spele of wedstryde tussen spanne wat kommandemente, groepe, dienste of weermagsdele verteenwoordig wat nie in dieselfde territoriale bevelsgebied val nie, of teen internasionale toer- of verteenwoordigende spanne mag sonder vooraf verkreë goedkeuring van die Sportraad gereël word nie.

iii. Die Sportraad moet voortaan ook die sportsoorte goedkeur wat deur lede van die Unieverdedigingsmag beoefen kan word.

iv. Die bevoegdheid om beskikbare fondse te administreer, is ook aan die Sportraad toevertrou.

e. **Verdere bepalings van die nuwe stelsel**

i. Om beheer binne elke Weermagsdeel, dit wil sê die Suid-Afrikaanse Leër, Suid-Afrikaanse Lugmag en die Suid-Afrikaanse Vloot uit te oefen, sal 'n Sportraad vir elke weermagsdeel ingestel word om:
Sport binne die afsonderlike Weermagsdeel aan te moedig en te bevorder en om uitvoering te gee aan die beleid wat deur die Sportraad van die Unieverdedigingsmag in verband met die bevordering en beoefening van sport in die Suid-Afrikaanse militêre mag neergelê is. Die geld wat vir elke Weermagsdeel vir sportdoeleindes beskikbaar gestel word, te koördineer en te beheer.

ii. Die Weermagsdeelsportrade sal uit die betrokke Stafhoof en die lede wat hy benoem bestaan en soos volg bekend staan: Leërsportraad, Lugmagsportraad en Vlootsportraad.

iii. Binne kommandemente, groepe, formasies en eenhede is die onderskeie bevelvoerders, ooreenkomstig die instruksies wat uitgereik word deur die Sportrade van die betrokke Weermagsdele, verantwoordelik vir die organisasie en beheer van sport en rekreatiewe opleiding. Hulle kan vir daardie doel die nodige beheerliggame instel.

iv. Die beheer en organisasie van sport binne militêre sendings wat buite die Unie van Suid-Afrika diens doen is aan die hoof van die militêre sending toevertrou.

v. Dit staan enige lid van die Suid-Afrikaanse Staande Mag vry om by die Suid-Afrikaanse Lugmag se vliegklub aan te sluit om die vliegsport te beoefen. Vlieg en die tegniese onderhoud van vliegtuie word deur die Lugstafhoof deur kommandements- en groepbevelvoerders beheer.

vi. Die oefeninge, spele en wedstryde wat behoorlik deur enige liggaam van die Unieverdedigingsmag gereël en beheer word, kan op enige dag, behalwe op Sondae, Goeie Vydag, Hemelvaartdag, Kersdag of Geloftedag gehou word.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 1, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

vii. As gevolg van die feit dat die deelname aan rekreatiewe aktiwiteite deur lede van die Unieverdedigingsmag as 'n onafskeidbare deel van hul opleiding beskou is, is die deelname aan sport onder die volgende omstandighede as amptelike diens beskou.

Deelname aan oefeninge, spele of wedstryde tussen spanne wat geheel-en-al uit lede van die Unieverdediginfsmag bestaan en wat op militêre terreine plaasvind.

Deelname deur spanne bestaande uit lede van die Unieverdedigingsmag aan spele of wedstryde teen burgerlike klubs. Hierdie bepalings was daarop gemik om voorsiening vir militêre spanne te maak om aan burgerlike ligas deel te neem en het geïmpliseer dat lede van militêre spanne ten opsigte van beserings en die verskaffing van amptelike vervoer as aan diens synde beskou word.

Lede van die Unieverdedigingsmag kan skriftelik toegelaat word om by burgerlike klubs aan te sluit, indien die militêre eenheid waar die lid gestasioneer is, geen departementele fasiliteite kan verskaf nie. Voorsiening is ook gemaak in gevalle waar indiwiduele lede, alhoewel hulle nie noodwendig lede van 'n span hoef te wees nie, van departementele fasiliteite gebruik wil maak.

Die deelname deur enige lid aan enige oefening, spel of wedstryd van provinsiale of nasionale aard sal, vir die doeleindes van beserings opgedoen terwyl sodanige lid in die loop van sodanige deelname beseer word, as amptelike diens beskou word. Dit beteken dat 'n lid indien hy beseer raak, net soos in die geval van 'n besering wat hy aan diens opgedoen het, geregtig op mediese dienste sal wees.

viii. Wedstryde teen burgerlike klubs moet sover moontlik op 'n Unieverdedigingsmag-grondslag georganiseer word en alle spanne wat aan dié wedstryde deelneem moet sover moontlik verteenwoordigend van al drie Weermagsdele wees. Binne territoriale kommandemente is die bevelvoerders van kommandemente, in oorlegpleging met Lugmaggroepe en Vlootformasies, verantwoordelik vir die koördinering van wedstryde teen burgerlike klubs, wedstryde tussen weermagsdele en kommandemente. Waar 'n Weermagsdeel of eenheid onder buitengewone omstandighede daarvan afgesonder is en deelname as 'n deel van Unieverdedigingspanne nie prakties uitvoerbaar is nie, kan so 'n Weermagsdeel of eenheid onder sy eie naam deelneem.

ix. Rekreatiewe opleiding het die deelname aan die volgende sportsoorte behels: Atletiek (met inbegrip van fietsry), sokker, boks, krieket, rugby, skyfskiet, swem, waterpolo, bofbal, tennis, hokkie, perdesport (uitgesonderd polo), sagtebal, korfbal, netbal, muurtennis, stoei, pluimbal, rolbal, skerm, gimnastiek, jukskei, ringtennis, gewigoptel, seil, roei, gholf en vlieg.

x. Kostelose militêre vervoer is aan lede verskaf wat aan oefeninge, spele of wedstryde tussen spanne van die Unieverdedigingsmag op alle vlakke gereël is. Dit geld ook ten opsigte van lede van militêre spanne wat aan burgerlike ligawedstryde deelneem, en vir lede wat die Unieverdedigingsmag as 'n geheel teen internasionale toer- of verteenwoordigende spanne verteenwoordig.

Die militêre vervoer word aan lede van die Unieverdedigingsmag vir die deelname aan ligawedstryde teen burgerlike klubs toegestaan vir die hele afstand wat afgelê moet word. Hieraan is toegevoeg dat waar 'n sodanige reis 100 myl of 140 myl in die geval van Saldanha, oorskry, die beheerliggaam aan die Departement van Verdediging dié gedeelte van die vervoerkoste vir die afstand waarmee die reis van 100 myl, en 140 myl in die geval van Saldanha oorskry, moet terugbetaal teen tariewe wat van tyd tot tyd voorgeskryf word. Die volgende sportsoorte was in 1958 op 'n ligabasis teen burgerlike klubs beoefen: Atletiek met inbegrip van fietsry, sokker, boks, krieket, rugby, skyfskiet, swem, waterpolo, bofbal, tennis, hokkie, perdesport (uitgesonderd polo), sagtebal en stoei.

xi. Perde wat aan die Unieverdedigingsmag

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 1, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

behoort het, kon, behoudens die goedkeuring van kommandementsbevelvoerders en sodanige voorwaardes as wat van tyd tot tyd deur die Kwartiermeester-generaal voorgeskryf word, vir deelname aan perdesport (uitgesonderd polo) gebruik word.

Die nuwe stelsel waarvolgens sport sedert 1958 in die Unieverdedigingsmag beheer en georganiseer is, is in verskeie opsigte **betekenisvol:**

Dit het voorsiening vir die instelling van 'n Sportraad vir die Unieverdedigingsmag gemaak wat doeltreffende beheer oor sport binne die Suid-Afrikaanse militêre opset kan uitoefen. Die instelling van Weermagsdeelsportrade wat die Sportraad van die Unieverdedigingsmag se take ligter kan maak, is in die vooruitsig gestel.

Meer bevoegdhede ten opsigte van die beheer en organisasie van sport is in die hande van ondergeskikte bevelvoerders geplaas, met ander woorde die Hoof van die Generale Staf het sy magte en bevoegdhede ten opsigte van sport gedeeltelik gedelegeer.

Die Sportraad van die Unieverdedigingsmag het, waar sy voorganger, die Suid-Afrikaanse Staandemagsportklub, slegs oor beheer- en organisatoriese funksies beskik het, ook beleidmakende funksies vervul.

Die algemene sportbeleid het met die nuwe stelsel meer plooibaar en buigsaam geword. Administratiewe werksaamhede is deur middel van die delegering van verantwoordelikhede tot 'n groot mate uitgeskakel deurdat die militêre owerhede die raamwerk waarbinne die sport georganiseer en beoefen kan word, duidelik omskryf het.

Die nuwe sportbeleid van die Unieverdedigingsmag is op massadeelname gerig waardeur voorsiening vir die indiwidu gemaak is.

f. **Sportraad van die Suid-Afrikaanse Weermag**

Alhoewel daar reeds in 1958 vir die instelling van 'n Sportraad van die Unieverdedigingsmag voorsiening gemaak is, is die grondwet van genoemde Sportraad eers op 2 Desember 1960 gepubliseer.

Die Sportraad het van daardie datum af as die Sportraad van die Suid-Afrikaanse Weermag bekend gestaan.

Hierdie Sportraad, wat die hoogste sportgesag in die Suid-Afrikaanse Verdedigingsorganisasie is, is vir die organisasie en beheer van sport binne die Suid-Afrikaanse Weermag, regstreeks aan die Kommandant-generaal van die Suid-Afrikaanse Weermag verantwoordelik. Die Sportraad van die Suid-Afrikaanse Weermag is soos volg **saamgestel:**

i. **'n Voorsitter,** wat deur die Hoof van die S.A.W. benoem word.

ii. **Lede:** Leërstafhoof, Lugstafhoof, Vlootstafhoof, Adjudant-generaal, Kwartiermeester-generaal en die Geneesheer-generaal.

iii. 'n Sekretaris/tesourier of 'n sekretaris en 'n tesourier wat deur die voorsitter aangewys word.

'n Uitvoerende Komitee (dagbestuur) bestaande uit: Die voorsitter, die Kwartiermeester-generaal en een ander lid van die Sportraad van die Suid-Afrikaanse Weermag is gemagtig om enige dringende aangeleentheid ten behoewe van die Sportraad van die Suid-Afrikaanse Weermag te behandel, met dien verstande dat enige aangeleentheid waaroor besluit mag word, by die eerste geleentheid vir bekragtiging aan die Sportraad van die Suid-Afrikaanse Weermag in 'n voltallige sitting, voorgelê word.

Die **pligte** en **verantwoordelikhede** van die pasgestigte Sportraad van die Suid-Afrikaanse Weermag, met sy hoofkwartier in Pretoria, het onder meer die volgende ingesluit:

i. Die organisasie en beheer oor sport, in ooreenstemming met die strengste beginsels en neergelegde reëls vir amateursport in die Suid-Afrikaanse Weermag.

ii. Dit reg van goedkeuring van alle sportsoorte wat ekenning as 'n integrale vereise vir 'n gesonde militêre opleiding sal geniet.

iii. Die reg om besluite ten opsigte van die voorsiening van nuwe en die instandhouding van bestaande sportfasiliteite in die Suid-Afrikaanse Weermag te neem.

iv. Die reg om amptelike en nie-amptelike gelde wat aan bogenoemde Sportraad beskikbaar gestel word ten behoewe van

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 1, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

die bevordering van sport in die Suid-Afrikaanse Weermag toe te ken.

v. Die reg om die sportfooie wat deur die verskillende Weermagsdeelsportrade van Weermagslede gevorder mag word, te bepaal en aanbevelings in hierdie verband deur Weermagsdeelsportrade te oorweeg.

vi. Die reg om te besluit oor die ontwerpe van kleurbaadjies, sportwapens, kleure en sportdrag wat deur lede van die Suid-Afrikaanse Weermag gedra sal word.

vii. Die reg om die beleid ten opsigte van die instelling, aanvaarding, veilige bewaring, versekering en gravering van sporttrofeë neer te lê.

viii. Die reg om Suid-Afrikaanse Weermag-, Staande Mag-, Burgermag- en Kommandokampioenskapsbyeenkomste, tussen weermagsdeelkompetisies, spanmededinging en sportbyeenkomste tussen spanne wat militêre organisasies verteenwoordig, maar wat nie uit dieselfde territoriale- of kommandementsgebiede afkomstig is nie, of mededinging tussen sodanige spanne en internasionale of ander toer- en verteenwoordigende spanne goed te keur.

ix. Die reg om die voorwaardes te bepaal waarkragtens tussenweermagse of Suid-Afrikaanse Weermagkampioenskapsbyeenkomste gehou sal word.

x. Die reg om die beleid te bepaal en, waar nodig magte te delegeer aan die sportrade van die drie Weermagsdele, ten opsigte van die deelname deur spanne wat militêre organisasies verteenwoordig in kompetises en ligas wat deur burgerlike sportklubs beheer word.

xi. Die reg om na samewerking met sodanige nasionale en provinsiale beheerliggame van die onderskeie sportsoorte en die behandeling van sodanige aangeleenthede te strewe, wat mag voortspruit uit die skakeling op sportgebied met liggame buite die Suid-Afrikaanse Weermag en om die affiliasie met burgerlike liggame te oorweeg. Indien sodanige affiliasie toegestaan word, word die stelsel van beheer en administrasie ten opsigte daarvan bepaal en kan die reg uitgeoefen word om lede van die Suid-Afrikaanse Weermag as afgevaardigdes op sulke liggame te benoem.

xii. Die reg om reëlings vir die publikasie en verspreiding van literatuur te tref wat tot die effektiewe organisasie en administrasie van sport in die Suid-Afrikaanse Weermag sal bydra.

xiii. Die reg om te besluit oor die stigting, organisasie en beheer ten opsigte van enige twee of meer formasies van die verskillende Weermagsdele in dieselfde territoriale gebied gestig mag word.

Hierdie pligte en verantwoordelikhede bewys dat die Sportraad van die Suid-Afrikaanse Weermag in velerlei opsig die hoogste sportorganisasie in die Suid-Afrikaanse Weermag is.

Daar kan dus aan die hand van die voorafgaande verklaar word dat die Sportraad van die Suid-Afrikaanse Weermag met beleidsformulerende, beherende, koördinerende en organisatoriese funksies beklee was en dat die verantwoordelikheid vir die doeltreffende uitvoering van die Suid-Afrikaanse Weermag se sportbeleid tereg aan ondergeskikte sportliggame opgedra is.

g. **Hoofkomitees vir sport**

Ingevolge 'n besluit wat die Sportraad van die Suid-Afrikaanse Weermag op 25 Junie 1964 geneem het is Hoofkomitees vir sportsoorte wat op daardie tydstip in die Suid-Afrikaanse Weermag beoefen is op die verskillende beheervlakke ingestel.

Die vlakke waarop Hoofkomitees vir sport ingestel is, is:

1. Suid-Afrikaanse Weermagshoofkomitees.
ii. Leërhoofkomitees vir sport.
iii. Lugmaghoofkomitees vir sport.
iv. Vloothoofkomitees vir sport.

In breë trekke is hierdie hoofkomitees verantwoordelik vir die organisasie van die betrokke sportsoort se kampioenskapsbyeenkomste op die verskillende vlakke asook die op- en uitbou van die betrokke sportsoort in die algemeen.

**Summary**

The organisation of sport during the early

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 1, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

years of the Union Defence Force was left in the hands of unit commanders who were delegated the authority to arrange sports fixtures by the Chief of the General Staff. From 1922 equestrian events were included in military training programmes as a means of recreation.

In 1924 sports committees were located in territorial areas to organise sports activities within these areas.

A comprehensive instruction relating to participation in sport by members of the Union Defence Force was issued on 20 July 1932. On 6 January 1936 the first country-wide military sports organisation was established in South Africa under the title of the South African Permanent Force Sports Club, with overall control and organisational functions. This Sports Club continued to function up to the outbreak of hostilities in 1939.

For the duration of World War II [1939-1945] and for a short time thereafter, the control of sport was vested in the various area commanders of the Union Defence Force. The earlier South African Permanent Force Sports Club resumed its former functions from 29 January 1947 without any change in title.

In 1948 new instructions were framed and issued in regard to organised sport in the Union Defence Force. These instructions were aimed at closer involvement of unit commanders in the organisation of sport. Ten years later, during 1958, a further comprehensive instruction relating to sport within the South African military ambit saw the light of day. Herein the purpose and value of sport as a recreational activity was stressed in no uncertain terms.

The importance of this instruction lay in that provision was made for the creation of an organisation, by means of which sport in the military sphere was placed on a national level. The new organisation, which is dealt with in detail in Chapter 6, functioned under the title of the Sports Council of the South African Defence Force until in 1966 its composition and functions were modified.

Head Committees for sport were established at various levels during 1964.